# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



# 2027 | Van Londen tot die Hooglande

18 – 26 Mei 2027

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: "Leef Jou Reis" is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot 'n toeris is nie maar 'n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van 'n reis familie.

Ons is die "cool kids" van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



**£2800** Per persoon wat deel*
**£3800** Per enkelpersoon*

## Sluit by ons aan vir ’n onvergeetlike Leef Jou Reis-avontuur deur die hart van Engeland en die siel van Skotland!

Ons besoek ikoniese besienswaardighede, van die koninklike prag van Buckingham-paleis en die historiese Toring van Londen tot die lewendige Borough-mark, waar eeue se stories en geure saamvloei – elke oomblik bring ’n nuwe ontdekking.

Soos ons noordwaarts reis, verander die landskap én die atmosfeer. Die tempo word rustiger, die geskiedenis ryker en die natuurskoon meer dramaties. In Edinburgh wag die Edinburgh-kasteel, wêreldklas whisky en die kenmerkende klanke van doedelsakke.

Kom beleef Londen en Skotland op ’n manier wat méér as net ‘n reis is – dit is ‘n ware Leef Jou Reis-ervaring.



# Van Londen tot die Hooglande

18 – 26 Mei 2027

**£2800** Per persoon wat deel*
**£3800** Per enkelpersoon*














## Hoogtepunte

**Covent Garden:** Ontdek een van Londen se mees ikoniese en lewendige areas, vol straatkunstenaars, boetieks en atmosfeer.

**Teemsrivier-vaart:** Beleef Londen vanuit 'n nuwe perspektief terwyl ons op die Teemsrivier vaar.

**Toring van Londen:** Stap deur eeue se geskiedenis en bewonder die wêreldbekende kroonjuwele (opsioneel).

**Borough-mark:** Proe plaaslike en internasionale lekkernye by een van Londen se oudste en mees geliefde kosmarkte.

**Buckingham Paleis:** Sien die amptelike woning van die Britse monarg en ervaar die wisseling van die wagte.

**Edinburgh Staptoer:** Verken die historiese hart van die stad langs die klipstrate van die Royal Mile.

**Edinburgh Kasteel:** Besoek een van Skotland se bekendste kastele met panoramiese uitsigte oor die stad.

**Holyroodhouse Paleis:** Delf in koninklike geskiedenis en die verhaal van Mary, Queen of Scots.

**Whisky-proe-ervaring:** Leer hoe om 'n egte Skotse "dram" te waardeer en ervaar die warmte van plaaslike tradisie.

# Van Londen tot die Hooglande

18 – 26 Mei 2027

**£2800** Per persoon wat deel*
**£3800** Per enkelpersoon*




## DAG 1: 18 Mei 2027

Vandag is die dag waarna ons almal baie uitgesien het! Ontmoet die Leef Jou Reis-span by die OR Tambo Internasionale Lughawe vanwaar ons op ons lang verwagte toer vertrek!

**(Alle etes aan boord)**

## DAG 2: 19 Mei 2027

**Welkom in Londen!**
Ons arriveer in die hartjie van Londen en word dadelik begroet deur die stad se unieke energie. Ná aankoms by ons hotel is daar tyd vir 'n kort ruskans voordat ons die strate van Londen begin verken.

Ons eerste stop vanmiddag is **Covent Garden** – een van Londen se mees ikoniese en lewendige areas. Oorspronklik was dit in die 17de eeu 'n vrugte- en groentemark, maar vandag is dit 'n kulturele spilpunt gevul met straatkunstenaars, boetieks en 'n elegante markplein. Hier kan jy rustig rondstap, unieke winkels verken en dalk selfs 'n spontane opera-uitvoering deur 'n straatkunstenaar beleef!

Vanaand sluit ons die dag af met 'n egte Britse ervaring: 'n heerlike bord vis en skyfies by een van Londen se oudste **vis-en-skyfies restaurante** wat sedert 1871 hierdie geliefde tradisie lewendig hou. Vis en skyfies het tydens die Industriële Revolusie gewild geraak as 'n vinnige, bekostigbare maaltyd vir werkers – en is vandag steeds een van Brittanje se gunsteling disse!

**Oornag: Londen (Aandete)**

## DAG 3: 20 Mei 2027

Na 'n rustige ontbyt begin ons dag met die verkenning van Londen se wêreldbekende landmerke. Ons klim op 'n **Hop-on Hop-off bus** – die perfekte manier om die stad se indrukwekkende skaal eerstehands te beleef. Soos ons deur die strate beweeg, sien ons van Londen se mees ikoniese besienswaardighede, insluitend **Westminster Abbey** – 'n meesterstuk van Gotiese argitektuur waar Britse konings en koninginne reeds vir meer as 1 000 jaar gekroon word – en natuurlik die wêreldberoemde **Big Ben**.





# Van Londen tot die Hooglande

18 – 26 Mei 2027

**£2800** Per persoon wat deel*
**£3800** Per enkelpersoon*

Die dag se ervaring word verder verryk met 'n ontspanne **bootvaart** op die **Teemsrivier** – die langste rivier in Engeland. Van die water af kry jy 'n heel nuwe perspektief van Londen.

Ons bootvaart eindig by die **Toring van Londen** – 'n vesting met meer as 900 jaar se geskiedenis. Hierdie UNESCO Wêrelderfenisgebied het al gedien as koninklike paleis, tronk en selfs dieretuin! Hier het jy die opsie om die beroemde **kroonjuwele** van naderby te besigtig – 'n skitterende versameling wat steeds vandag tydens koninklike seremonies gebruik word.
Vanaand geniet ons die outentieke geure van Londen tydens 'n gesellige **kroeg-aandete.**

**Oornag: Londen (Ontbyt en Aandete)**






## DAG 4: 21 Mei 2027

Vanoggend begin ons dag met 'n rit in 'n tradisionele **"London Black Cab"** na die gewilde **Borough Mark.** Hierdie historiese mark bestaan al vir meer as 1 000 jaar en is vandag 'n kosliefhebber se paradys, waar jy alles van vars produkte tot internasionale lekkernye kan proe.

Die res van die dag behoort aan jou om Londen op jou eie pas te ontdek. Vir 'n koninklike ervaring kan jy 'n draai by **Buckingham Paleis** maak en moontlik die wisseling van die wagte beleef. Natuurliefhebbers kan vir 'n rustige stappie deur **Hyde Park of Kensington Tuine** gaan, terwyl kultuurliefhebbers hulleself kan verdiep in die wêreldklas-versamelings van die **Britse of Victoria and Albert Museum**.

Vir die inkopieliefhebbers is **Regent Straat** en die liggies van **Piccadilly Circus** 'n absolute moet. Geen besoek is egter volledig sonder 'n draai by die legendariese Harrods in Knightsbridge nie; dié winkelsentrum met sy meer as 300 afdelings is reeds sedert die middel-1800's die toonbeeld van Britse luuksheid.



Vanaand kan jy kies tussen die opwinding van 'n **West End-musiekblyspel** of 'n rustige rit op die **London Eye** om die stad se liggies van bo af te sien.

**Oornag: Londen (Ontbyt)**

## DAG 5: 22 Mei 2027

Na 'n heerlike ontbyt neem ons afskeid van Londen en verruil die stad se gejaag vir die ruwe skoonheid van Skotland. Ons reis per trein vanaf **King's Cross stasie** – 'n gewilde vertrekpunt wat self bekendheid verwerf het.

Die treinrit is 'n belewenis op sy eie, waar die prentjiemooi **Britse platteland** stadig oorgaan in die dramatiese kuslyn van **Northumberland.** Hou jou oë oop vir kastele, golwende heuwels en die see wat langs die venster verbyflits. Met aankoms in **Edinburgh** word ons verwelkom deur 'n stad van klip en eeue-oue geskiedenis. Hierdie UNESCO Wêrelderfenisstad is bekend vir sy middeleeuse Ou Stad en elegante Georgiese Nuwe Stad.

Nadat ons ons bagasie by die hotel afgelaai het, neem ons 'n rustige wandeling deur die pragtige **Princes Straat Tuine** – 'n groen oase in die hart van die stad met uitsigte oor die imposante Edinburgh Kasteel wat hoog bo die stad troon.

Ons besoek ook later die pragtige **Guildford Arms,** 'n juweel uit die goue era van Skotse pub-ontwerp, waar ons 'n eerste glasie whisky geniet. Ons sluit die aand af met 'n tradisionele Skotse ete – 'n smaakvolle inleiding tot die Skotse hoofstuk van ons toer.

**Oornag: Edinburgh (Ontbyt en Aandete)**



## DAG 6: 23 Mei 2027

Na 'n heerlike **Skotse ontbyt** – met alles van tattie skons tot "black pudding" – begin ons dag met 'n staptoer deur die hart van Edinburgh.

Onder die wakende blik van die byna 1 000 jaar oue **Edinburgh Kasteel** verken ons die beroemde **Royal Mile** – die historiese hoofstraat wat die Ou Stad deurkruis. Hier ontdek ons nie net eeue oue geboue en geheime stegies nie, maar ook interessante verbintenisse met J.K. Rowling, wat inspirasie vir die wêreld van Harry Potter juis in hierdie stad gevind het.

Ons besoek ook die **St. Giles' Katedraal** – 'n argitektoniese meesterstuk wat al sedert die 12de eeu 'n belangrike rol in Skotland se geskiedenis speel.

Die staptoer eindig by die **Holyroodhouse Paleis**, die amptelike Skotse woning van die Britse monarg en eens die tuiste van Mary, Queen of Scots.

Haar dramatiese lewe – vol liefde, verraad en politieke intrige – bly een van die mees fassinerende verhale in Britse geskiedenis.

Die middag word stylvol afgesluit met 'n egte Skotse ervaring: **'n whisky-proe.** Hier ontdek ons die kuns om 'n ware dram te waardeer – van die subtiele aromas tot die komplekse geure wat deur elke streek en unieke produksiemetode gevorm word. Volgens Skotse wet moet whisky vir minstens drie jaar verouder voordat dit as "Scotch" erken kan word, wat elke slukkie se karakter nog meer besonders maak.

Die aand is vry vir eie verkenning – die perfekte geleentheid om nog dieper in Edinburgh se unieke atmosfeer te delf.

**Oornag: Edinburgh (Ontbyt)**



## DAG 7: 24 Mei 2027

Vandag is heeltemal joune om Edinburgh teen jou eie tempo te verken. Ons voorsien 'n **Hop-on Hop-off buskaartjie** – die ideale manier om die stad se moet-sien landmerke gerieflik te ontdek, terwyl jy self besluit waar jy wil afklim en langer wil vertoef.

Hoogtepunte sluit onder meer die ikoniese **Edinburgh Kasteel** in – een van Skotland se mees besoekte besienswaardighede, dramaties geleë op 'n uitgedoofde vulkaniese rots met asemrowende uitsigte oor die stad.



Nog 'n besondere ervaring is 'n besoek aan **Royal Yacht Britannia** – die laaste van 83 koninklike skepe wat oor 'n tydperk van 366 jaar gebou is. Hierdie luukse seiljag het vir meer as vier dekades as die drywende woning van die Britse koninklike familie gedien en bied vandag 'n unieke blik op hul lewe op see.

# Van Londen tot die Hooglande

18 – 26 Mei 2027

**£2800** Per persoon wat deel*
**£3800** Per enkelpersoon*

Vir diegene wat lus is vir nóg avontuur, is daar opsionele uitstappies. Verken die kreatiewe energie van **Glasgow** – bekend vir sy lewendige kuns- en musiektoneel – of besoek St Andrews, die "tuiste van gholf", waar die wêreldbekende **St Andrews Links** geleë is en waar die sport al sedert die 15de eeu gespeel word.

Vanaand kom ons weer saam vir 'n spesiale afskeidsete – 'n geleentheid om herinneringe te deel, nuwe vriendskappe te vier en ons onvergeetlike Skotse avontuur op 'n hoë noot af te sluit.

**Oornag: Edinburgh (Ontbyt en Aandete)**








## DAG 8: 25 Mei 2027

Na 'n week vol besondere oomblikke en nuwe herinneringe, is dit tyd om afskeid te neem – met harte vol stories en 'n nuwe waardering vir Londen en Skotland. Na 'n laaste Skotse-ontbyt vertrek ons na die lughawe vir ons vlug terug na Suid-Afrika.

**(Ontbyt en alle etes aan boord)**

## DAG 9: 26 Mei 2027

Ons land terug by OR Tambo Internasionale Lughawe, waar die reis amptelik tot 'n einde kom.

Die avontuur eindig hier, maar die verhale van Londen se liggies en die Skotse Hooglande sal nog lank by ons bly.



# Van Londen tot die Hooglande

18 – 26 Mei 2027

**£2800** Per persoon wat deel*
**£3800** Per enkelpersoon*

## Pakket Sluit In

- 3 Nagte hotelverblyf in Londen met ontbyt
- 3 Nagte hotelverblyf in Edinburgh met ontbyt
- Lughawevervoer (indien groepsvlugte gebruik word)
- Verwelkomings aandete
- Kroeg-ete in Londen
- Tradisionele Skotse-ete
- Afsluitings aandete
- Drankie by Guildford Arms
- Hop-on Hop-off Buskaartjie in Londen en Edinburgh
- Teemsrivier-vaart
- Tradisionele "London Black Cab" rit
- Treinkaartjie tussen Londen en Edinburgh
- Staptoer in Edinburgh
- Ingang by Holyroodhouse
- Whisky-proe
- Alle fooitjies
- Leef Jou Reis-toerleier

## Pakket Sluit Uit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Londen/Edinburgh
- Visumaansoek
- Middagetes, aandetes en drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes
- Opsionele uitstappies

## Dinge Om Te Onthou

- Suid-Afrikaanse paspoorthouers benodig 'n Britse-visum wat nie by die prys ingesluit is nie. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (m.a.w. 26 November 2027).
- 'n Leef Jou Reis-toergids sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis-span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- **NB: Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal. By Leef Jou Reis stap ons graag, maar daar is alternatiewe opsies wat spontaan opduik en ons kan selfs 'n taxi huur.**
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy fiks genoeg wees om sowat 5 kilometer per dag gemaklik te kan stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat, indien nodig, ons van die dae se programme kan uitruil om seker te maak dat jy die beste reiservaring het.

**Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!**

# Van Londen tot die Hooglande

18 – 26 Mei 2027

**£2800** Per persoon wat deel*
**£3800** Per enkelpersoon*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die toer na Londen en Skotland te verseker:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp 082 923 3626.

### STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R10 000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om die deposito en administrasiefooi aan ons operateurs oor te betaal. Lees dus asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.
- Die tweede betaling van R15 000 is teen 15 September 2026 betaalbaar. Die volgende betaling van R15 000 is teen 30 November 2026 betaalbaar en die totale uitstaande bedrag is teen 01 Februarie 2027 betaalbaar.
- Pryse is gebaseer op EFT betalings.
- Die toerprys word bereken volgens 'n wisselkoers van £1 = R24, om wisselkoers veranderinge te akkommodeer en betalings aan verskaffers buite Suid Afrika te dek.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: LON27 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**£2800 Per persoon wat deel*** | **£3800 Per enkelpersoon***

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:


Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za


## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende

@GerrieOfficial

@Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius


Managed by **Travel With Flair**

At your service!

www.twf.travel | 0861 777 747